

DEELNAME EN PROJEKBESTUUR

Die PROR bied aan die mense van die Noord-Kaap die geleentheid om 'n langtermynvisie vir die Provinsie te help formuleer en daaraan uitvoering te gee. Aktiewe deelname van alle belanghebbendes is dus 'n voorvereiste.Die beginsel van inklusiwiteit is vervat in die PROR proses en belanghebbendes word sover prakties moontlik geraadpleeg. Dít geskied deur geskeduleerde vergaderings, werkswinkels en inligtingverspreiding. Publieke vergaderings word in die vernaamste streeksdorpe, Kimberley, Upington, De Aar, Springbok en Kuruman gehou en ook in kleiner plekke, soos vereis.

Die PROR proses word bestuur deur 'n aangewese organisasiestruktuur wat alle betrokke departmente en ander sleutelrolspelers verteenwoordig. Die distrik- en plaaslike regerings se deelname aan die proses geskied deur die bestaande kommunikasiestrukture.

AFSLUITING

Ons dag en tyd vereis dat innoverende aksie geneem word om te verseker dat ons wêreld in staat sal bly om *in die behoeftes van die huidige geslag te voorsien sonder benadeling van die vermoëns van toekomstige geslagte om in hulle eie behoeftes te voorsien.* Dienooreenkomstig, dien die PROR as 'n instaatstellende beleid en strategie ter bevordering van die visie, ***bou ons toekoms***, in 'n gesindheid van *Ubuntu* (vertaal as *''n mens is 'n mens deur ander mense').*

Belanghebbendes word versoek om navrae en kommentaar te rig aan:

Me. Tania Volschenk
Dennis Moss Vennootskap
Posbus 371
STELLENBOSCH 7599
Tel: 021 887 0124
Faks: 021 886 5393
E-pos: taniav@dmp.co.za

Mr. Gerhard de Bruin
Nas. Dept. Landelike Ontwikkeling en Grondhervorming
Direktoraat Ruimtelike Beplanning en Inligting
Du Toitspanweg 30
KIMBERLEY 8301
Tel: 053 832 5084
Faks: 086 560 5196
E-pos: GJdeBruin@ruraldevelopment.gov.za

Bou ons Toekoms

www.northerncapepsdf.co.za

Bou ons Toekoms

NOORD-KAAP PROVINSIALE RUIMTELIKE ONTWIKKELINGSRAAMWERK

DENNIS MOSS PARTNERSHIP
Architects • Urban & Regional Planners • Environmental Planners
Landscape Architects • Urban Designers

AGTERGROND

Die Kantoor van die Premier van die Noord-Kaap en die Departement van Landelike Ontwikkeling en Grondhervorming het saam vir Dennis Moss Vennootskap van Stellenbosch aangestel om 'n *Provinsiale Ontwikkelings- en Hulpbronbestuursplan / Provinsiale Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk vir die Noord-Kaap* op te stel (ook genoem die PROR). Die Noord-Kaapse Wet op Beplanning en Ontwikkeling (Wet 7 van 1998) vereis dat 'n PROR vir die provinsie opgestel word.

WAT IS DIE PROR?

Die PROR is 'n beleidsdokument wat 'ontwikkelings-gerigtheid' bevorder ingevolge nasionale en provinsiale wetgewing en riglyne. Dit stem ooreen met die Noord-Kaapse Groei- en Ontwikkelingstrategie wat die Noord-Kaap verbind het tot *'die daarstel van 'n voorspoedige, volhoubare en groeiende provinsiale ekonomie wat armoede verminder en gemeenskapsontwikkeling bevorder'*.

Die PROR sal omvattende planne en strategieë insluit wat kollektief aandui watter tipe grondgebruike in die Provinsie bevorder behoort te word, waar sodanige grondgebruike behoort plaas te vind, en hoe dit geïmplimenteer en bestuur behoort te word. Breedweg, sal die PROR -

- Illustreer die ruimtelike implikasies van die kern-ontwikkelingsdoelwitte van die Noord - Kaapse Groei - en Ontwikkelingstrategie.
- Dien as 'n ruimtelike plan wat plaaslike ekonomiese ontwikkeling fasiliteer.
- Verskaf strategieë, voorstelle en riglyne vir volhoubare ontwikkeling.
- Fasiliteer samewerking oor die grense van munisipaliteite, aanliggende provinsies, en buurlande.
- Dien as 'n handleiding vir die integrasie en standardisering van die beplanningsbeleid van alle vlakke van regering in die Provinsie, met spesifieke verwysing na:
  - Leiding aan die distriks- en plaaslike munisipaliteite wat betref die opstel van hulle ruimtelike ontwikkelingsraamwerke.
  - Fasilitering van grondgebruikklassifikasie in 'n standaardformaat volgens bepaalde *Ruimtelike Beplanningskategorieë.*

Die PROR skep of ontneem nie grondgebruiksregte nie. Wysiging van bestaande regte moet egter versoenbaar met die PROR wees. Dít beteken dat staatsinstansies en -beamptes die bepalings van die PROR in berekening moet bring en moet toepas wanneer hulle besluite neem oor grondgebruik in die Provinsie.

Die PROR sal nie onbuigsaam toegepas word nie, maar op 'n manier wat die meriete en omstandighede van elke grondgebruikvoorstel behoorlik inagneem.

VOLHOUBARE ONTWIKKELING: DIE RIGTINGGEWENDE BEGINSEL

Volgens die Noord-Kaapse Groei- en Ontwikkelingstrategie is *volhoubare ekonomiese ontwikkeling die enigste doeltreffende manier waardeur die belangrikste uitdaging van die Noord-Kaap, naamlik armoede, aangespreek kan word.*

Dienooreenkomstig, gee die PROR praktiese uitvoering aan volhoubare ontwikkeling, wat beskryf word as *ontwikkeling wat in die behoeftes van die huidige geslag voorsien sonder benadeling van die vermoëns van toekomstige geslagte om in hulle eie behoeftes te voorsien.* Volhoubare ontwikkeling, soos deur die PROR ondersteun, behels die *verbetering van menslike welstand en omgewingsintegriteit deur doeltreffende en regverdige gebruik van beskikbare hulpbronne.*

Volhoubare ontwikkeling kan nie aan passiewe ontvangers 'bedien' word nie – dit vereis aktiewe deelname van alle rolspelers en doeltreffende integrasie van belange in 'n ware vennootskapsgees. Volhoubare ontwikkeling moet op innoverende maniere gefinansier word. Die PROR verskaf strategieë en riglyne om dít te bewerkstellig.

BEPLANNINGSBENADERING

Die PROR word opgestel volgens biostreekbeplanningsbeginsels wat aangepas is om aan die plek-spesifieke behoeftes van die Noord-Kaap te voldoen. Biostreekbeplanning erken dat geen streek of gebied as 'n 'eiland', afgesonder van sy omringende omgewing, beplan en bestuur behoort te word nie. Elke eenheid is 'n belangrike deel van die breër omgewing en die wedersydse verhoudings en skakelings tussen die onderskeie eenhede moet verstaan en toegepas word in die beplanning en bestuur van enige grondgebied.

Dienooreenkomstig, vervat en voldoen die PROR aan alle toepaslike protokols, konvensies, ooreenkomste, wetgewing en beleid op alle vlakke van beplanning, vanaf die internasionale tot die plaaslike vlak.

1. Internasionaal
2. Nasionaal
3. Provinsiaal
4. Distrik
5. Plaaslik

Die PROR bou op die prestasies en leer uit die foute van die verlede, reageer op die uitdagings van ons tyd, gebruik die tradisionele kennis van die Noord-Kaap se mense, en benut internasionale beste-praktyke en tegnologie.